
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, November 19, 2020
Page: 32

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** NICO VAN GIJSEN



# Trustees het altyd pligte

**Sodra bates na 'n trust toe oorgedra is, behoort dit aan die trust, byvoorbeeld 'n familietrust, en nie meer aan die eienaar nie. Gevolglik kan hy dan nie meer met daardie bates handel soos voorheen nie, al is hy dalk ook 'n trustee. Verbrekings van dié reël kan tot baie probleme lei.**

Hoeveel lesers wat hier lees, is trustees in familietrusts? Hoeveel weet van die hoë eise wat aan 'n trustee gestel word?

Ek meen alle trustees is nie bewus van die verantwoordelikhede wat op hul skouers rus nie. Die tipiese situasie van "dit is my pel Jan se trust en hy moet 'n onafhanklike trustee hê, nou help ek hom maar," is baie riskant.

Ek het dit al by herhaling geskryf, maar hier is dit weer: Trustbates is nie joune nie. Al was dit dalk voorheen joune, maar jy het dit na die familietrust oorgedra, is dit nie meer joune nie. Kortom, jy kan nie daarmee maak soos jy wil nie. Hoekom? Want, soos ek sê, dit is nie meer joune nie. Indien jy daarmee gaan werk asof dit steeds jou bates is omdat jy ook een van die trustees is, gaan jy moeilikheid kry.

Die voordele van 'n trust lê juis daarin dat 'n begunstigde die genietinge van 'n bate kan hê sonder dat hy of sy self daardie bate besit. Die voordeel van 'n trust lê in die geniet van die bate en nie in die beheer daaroor nie.

'n Trust is egter veel meer as 'n voertuig waaruit jy "voordele" kan kry. Dit skep verpligtinge by die trustees om op 'n bepaalde manier op te tree. Die trustreg maak dit baie duidelik.

'n Trust is 'n kontrak tussen twee partye, die trustoprigter en die trustee (of trustees) waarvolgens die trustee(s) onderneem om bates te bestuur tot voordeel van 'n derde party, naamlik die begunstigde(s). Maar nie soos hulle wil nie.

In die appèlhof-uitspraak in die saak Potgieter vs. Potgieter is daar beslis as 'n begunstigde eers 'n voordeel uit die trust gekry het, raak hy in werklikheid deel van die kontrak. Dermate dat die trustakte nie gewysig kan word sonder daardie begunstigde se instemming nie.

Die verantwoordelikheid wat op 'n trustee geplaas word, is baie wyd. Die Wet op Beheer van Trustgoedere (Wet 57 van 1988) vereis onder meer dat 'n trustee sal optree met die sorgsaamheid van iemand wat die belange van 'n ander bestuur. Die reg plaas 'n hoë waarde op hierdie "bestuur van die belange van 'n ander". Dit is een van talle lokvalle as jy met trustbates omgaan asof dit jou eie is. Dieselfde geld 'n trustee in 'n trust waar die trustoprigter toegelaat word om op te tree asof hy steeds die bates besit en beheer.

Verder is daar artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) wat lê en wag vir diegene wat reken "dit is my bates in my trust". By dood, sê die artikel, sal eiendom (in dié geval trustbates) waaroor die oorledene onmiddellik vóór sy dood tot sy eie voordeel of die voordeel van sy boedel kon beskik, ingebring word as 'n geagte bate vir die doeleindes van boedelbelasting.

Ongelukkig meen baie mense hulle kan daarmee wegkom deur trusts vir eie gewin te misbruik. Die afgelope paar jaar kon 'n mens in 'n hele rits hofsake sien hoe die howe daaroor voel. In die een egskeidingsgeding ná die ander bepaal die howe byvoorbeeld dat trustbates ingebring moet word vir verdeling, bloot omdat daar met trustbates omgegaan is asof dit die trustoprigter se eiendom was.

Dit bring my by die uitspraak in die saak Thorpe vs. Trittenwein (2006) en regter Scott se opmerking: "Diegene wat kies om sake te doen deur die medium van trusts, doen dit ongetwyfeld om 'n voordeel te verkry, hetsy met boedelbeplanning of andersins. Maar hulle kan nie die voordeel van 'n trust geniet wanneer dit hulle pas en dan vuil spel skree wanneer dit hulle nie pas nie."

Gebruik dus gerus 'n trust, maar hou by die reëls van die spel. Dan sal daar voordele wees. Doen dit nie, en daar sal probleme wees. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**, **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.